# 15 Julie 2023 - Die sesde aflegging van die Gilgal Gelofte te Kameeldrif 225

## Die oorblyfsel - die Dogter van Sion

**Jesaja 1**

1:8 **En die Dogter van Sion het oorgebly soos 'n skermpie in 'n Wingerd**, soos 'n slaapplekkie in 'n komkommertuin, soos 'n beleërde dorpie.

Isa 1:9 As JaHWeH van die skeppings-leërmagte vir Ons nie 'n klein oorblyfsel oorgelaat het nie - **soos Sodom sou Ons geword het, Ons sou net soos Gomorra gewees het.**

## Boodskap van Ricus Viljoen

**Dagse Dirk. Dis 2.26, Sondagoggend 11 Junie 2017**.

Ek het n BOODSKAP vir jou. Ek kan dit self nie glo nie. Dis besig om te ontvou, met al die detail. Ek skryf soos dit kom. Die betekenis en simboliek sal uitgewys word.

By jou, op die plaas, het jy n spesiale boom, dit is die plek. Die stam van die boom dien as middelpunt, die as waarom die gebeure sal plaasvind. Jy, Dirk van Vuuren moet n tou afmeet met 3 van jou treë, dis die maatstaf. Jy moet n sirkel trek rondom die stam van die boom, 3 treë, die maatstaf van jou treë. Dit is die velling of band van die wa-wiel. Klippe vanuit alle rigtings van die land moet daar gepak word. N klip vanuit die Noorde moet Noord op die velling lê, vanuit die Ooste moet Oos lê, al 4 windrigtings moet aangedui word. Dit moet in die vorm van n band gepak word. Die 1e klippe moet 3 treë vanaf die boom wees, elk in die rigting van herkoms. Sou daar nog klippe vanuit n streek kom, word dit vanaf die velling se loopvlak na die stam toe gepak, in die vorm van n speek. Die daar moet 12 speke in totaal wees. Elke klip moet die dorp/streek verteenwoordig waar dit vandaan kom. Dit kan die dorp/omgewing se naam op gegraveer/uitgekap hê. Wanneer die speek van n rigting voltooi is, mag die band van die speek met die volgende speek verbind word.

Die embleem van die wa-wiel op die vlag word fisies gebou, sodat dit tasbaar en fisies waargeneem moet word. Die volk word deur die speke aanmekaar gebind, met die boom wat geplant, gegrond is op die aarde, wat die as is. Die boom bied skaduwee oor die 12 volke, speke.

Die boom is die samekoms van al 12 speke. Daar moet vanaf Sion n boodskap uitgaan dat die klippe opgeroep word, benodig word, die wiel moet gebou word, voltooi word, die tyd om te rol het gekom. Elke klip wat ontvang word, moet ten aanskoue van almal by jou op sy plek geplaas word.

**Die gees van die volk word saamgetrek**, die wiel bied ook rigting aan vanwaar julle hulp kry, of heen kan gaan om hulp.

Ek stuur eers dit wat geskryf is. Bêre in jou hart die inligting. Neem kennis hiervan. Begin met voorbereiding van die omgewing by die boom, en met die 3 treë van die tou.

## Die klein klip wat losraak en n rots word

**Daniel 2:34** U het gekyk totdat daar sonder toedoen van [mense]hande **'n klip losraak** wat die beeld (huidige wereldsisteem) getref het aan sy voete van yster en van klei en hom fyn gestamp het. [JeshaJaH 44:8]

Dan 2:44 Maar in die dae van dié konings sal die Elohey van die Hemele **'n Koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy van Haar sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; Sy sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal Sy vir ewig bestaan** - [DaniEl 6:26]

## ‘n Huis van klippe word opgerig

**1Pe 2:5** en laat julle ook soos **lewende stene (klippe)** opbou, tot 'n geestelike Huis, 'n priesterdom van Apartheid, om geestelike aanbiedinge te bring wat aan Elohim welgevallig is deur JaHWèshua die Gesalfde.

1Pe 2:6 Daarom staan dit ook in die Skrif: **Kyk, EK lê in Sion 'n Grondsteen, [‘n beproefde Klip,] ‘n kosbare Hoek[steen wat ‘n vaste fondament is,]** hy wat vertrou, sal nie haastig wees nie. [JeshaJaH 28:16]

1Pe 2:7 Vir julle dan wat glo, is Sy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die Woord: **Die Klip wat die bouers verwerp het, Sy het 'n Hoeksteen geword**; [Psalm 118:22] en: 'n Klip van aanstoot en 'n Rots van struikeling – [JeshaJaH 8:14]

1Pe 2:9 Maar julle is 'n **uitverkore saadlyn, 'n koninklike priesterdom, 'n apartgestelde nasie. 'n Volk as eiendom verkry, om te verkondig die voortreflikheid van Hom wat julle uit die Duisternis geroep het tot Sy wonderbare Lig**, [Exodus 19:6]

1Pe 2:10 julle wat vroeër geen volk was nie, **maar nou die volk van Elohim is**; aan wie toe geen Barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. [2 Ezra 1:35, 37; Hoséa 1:6-9]

**Nuwe Bybel - Bls 91: Die Genade van MY terugkeer**

36 Die terugkeer van julle ELOHIM en MEESTER sou nie alleen plaasvind nie, maar saam met 'n hele leër van MY hoogste Hemele. **Dit is die afdaling van MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE** op hierdie donker Aarde as die LIGSIRKEL VAN DIE GESALFDE, DIE LIGSIRKEL VAN JULLE ELOHIM EN MEESTER, DIE SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE

**Bls 147**

169 Julle mense van hierdie tyd beleef nou, op sterkte van MY NUWE BYBEL, 'n OOMBLIK VAN GENADE soortgelyk aan dié van weleer, toe Adam en Eva, die eerste getroude paartjie op Aarde, in die Paradys was; nou moet julle bewys of julle ernstig is omtrent julle bydrae om deur MY HEILIGE WIL 'n nuwe mensdom op Aarde te bewerk, en of julle bereid is om weereens MY GENADE te verloor, soos tydens die eerste keer, met die somber vooruitsig om onder die wiele van Oordeel te beland.

31 Die versameling van alle hoë Geeste en engele vanuit MY Hemele het nou begin op hierdie ster van verlossing gedurende hierdie huidige tyd met hierdie "BOEK VAN LIEFDE" van MY HEILIGE NUWE BYBEL in **MY LIGSIRKEL** VAN HEMELE EN AARDE.

**Bls 230**: 21 Elkeen wat hierdie Heilige anker van verlossing gryp en dit vashou, sal daardeur **geneem word tot in die HEILIGE REDDINGSARK VAN MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE,** en dit **sal alle gewillige kinders van MY LIEFDE veilig deur die dae van Oordeel terugbring tot in die NUWE JERUSALEM**.

**<u>Die Sentrum van die NUWE JERUSALEM op Aarde</u> / Die nuwe Heilige Alliansie van ELOHIM DIE MEESTER met SY ware kinders**

22 Die NUWE JERUSALEM is die HEILIGE DOEL VAN DIE SKEPPING op hierdie Aarde van Verlossing, wat verleen word deur MY LIEFDE, GENADE EN BARMHARTIGHEID, die ware HEILIGE BETEKENIS BINNE DIE HELE SKEPPING.

23 Die NUWE JERUSALEM is op beide die geestelike en die aardse vlak die voleinding van MY idee van volmaaktheid op hierdie ster van verlossing aangaande die redding en terugkeer van almal wat eens van MY Hemele geval het.

27 **Die NUWE JERUSALM van hierdie tyd sal altyd sy hoof spilpunt hê waar EK JAHWEH is IN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE op die EWIGE ROTS VAN MY HEILIGE GEES.**

28 Trouens, die NUWE JERUSALEM is deur MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE in hierdie sluitingstyd van verlossing MY GEESTELIK VOLMAAKTE AKSIESFEER <u>vir hierdie Aarde en al sy mensekinders</u>, en hulle sal MY HEILIGE DOEL VAN SKEPPING wat aan hierdie ster toegeken is, besef.

**NB - Bekragtiging Hfs 4:** Ek seën hierdie kennis in die Kinders van My Liefde, sodat daar meer werk as lewende siele in My Ryk verrig kan word tydens hierdie laaste tye op aarde. **My Kinders het nodig om mekaar te vind as Ligsirkels en daarmee vrede te vind in hulle bestaansdoel op aarde. Amein.**

Gedeeltes gelees by die inwyding van die Gilgal Klipwiel op 15 Julie 2017

**Hoofstuk 4**

My geliefde, **My Bruid uit Sion**, laat die Lelies vir jou blom, verheug jou alom, want My Bande is Liefdesbande!

Sing en verhef jou stem, jy wat My in alles wil ken, My Vrou wat die Verlore Penning soek! Kom, en verheug Jou in die gevinde. Jy is vir altyd Mý Beminde!

Sing, o suigelinge! Jubel uit die Stof en laat die klippe uitroep tot My Hoogste Lof! Laat die bome van die veld die hande klap, die **eikebome tot Geregtigheid verrys, waar EK My Bruid aan die Skepping wys!**

**Sewe treë om die Dawidstoring** en My Ryk staan ewig opgerig. **Sewe maal rondom** en Jerigo sal swig!

**Sewe maal sal My Bruid om My Toring tree** en die skilde van die helde sal die antwoord gee! Oorwinning is opgerig in My Liggaam wat moes val en hoog opgerig, elkeen se oë kon trek. Amein.

EK, Geliefde sal te voorskyn tree in My Volheid. EK sal altyd antwoord gee. Amein.

**Hoofstuk 5**

**Sewe maal rondom My, die Dawidstoring**, en My Hart sal van Liefde swig en rondom jou 'n ewige Ligglans oprig. **Sewe maal rondom My, die Dawidstoring, jou Ewige verweer**.

Wie is dan tog die Dawidstoring in My Liefde en My Lig? Is My Naam dan nie 'n Sterk Toring waarin Myne hardloop en hul skuiling vind?

**Sewe maal rondom in My Nuwe Verbond** en die Wiel van Verlossing sal oor die Aarde rol. **My verlange sal My verplaas op die Waens van My Volk**! O die Wa van Israel en Sy ruiters...

My Siel verlang na gereinigde aarde en heuwels van wuiwende graan in 'n Nuwe Bestel, vry van verdraaide waardes, sodat My Kinders kan opgroei, deur My Bloed verbind, heel en vry, sonder las van die wêreld.

Rein is die Pêrels in My Kroon, **Rein die Pêrels om Miriam se Hals en skitterend van prag, die sierade van gelouterde silwer en goud**. Amen

Die Nuwe Gelofte van Migdol gegee op 28 Oktober 2008

**INLEIDING**

My lieflingskinders, hoor die stem van jul Vader. Ek, die Heilige, die Ewige, spreek; julle gelofte sal julle doen ter bevryding van julle volk, omdat Ek julle gekies het as tussenpersone, as middelaars en verteenwoordigers van My volk. Ek wil julle gebruik ter verlossing van die reine en onreine wat nog te red is in My mense. Ek is Sion se Man. Sion is My Bruid en Ek sal Myself bekend maak in haar. Julle gelofte en klipstapel sal die simboliek wees vir die oprigting van die pilaar in My volk ter bevryding van haar. Ek sê: Wees geseënd in My aarde, want Ek het julle vrygekoop en daarom woon julle in haar. Wees geseënd terwyl Ek, die Leeu van Judah langs julle loop en julle dade betrag. Wees geseënd met My Krag en outoriteit om die bose te kan bind om My volk te kan red. Ek sal My gelofte met julle sluit ter wille van julle volk, want omdat opregtes in My volk is, daarom sal Ek hulle spaar, maar reinig. Ek sal reiniging bring vir die wat nog skoon kan kom.

**DIE VERBOND**

My verbond met julle is die volgende:

Ek, as Vader van alles, rig My verbond op met die geseëndes in Liefdeskrag, My reine blom, wat haar knie nie voor Baäl gebuig het nie. Julle is My pilaar, My vesting vir My volk. Julle sal julle lewens aflê vir hulle wie My moet dien in die woestyn. Julle sal hulle uitlei en bring in die land Kanaän as julle My take noukeurig sal opvolg. Ek wil hê dat julle monument vir ewig sal staan en so is My ewige verbond met julle gesluit om vir julle ‘n Man te wees en julle, saam met julle susters, Judah en IsraEl, My ewige bruid wie Ek sal verlos in die nag wat kom en wat alreeds saamgepak het oor julle, My Lig op aarde. Dit is My verbond: Verlossing.

**DIE GELOFTE**

Julle gelofte is as volg:

Onse El, ons Vader, ons ewige Man, vir U ons Meester en vir ons volk. Voor U en U skare van engele in hemel en op aarde, maak ons dié gelofte, dat ons U Huis sal bou, die Vesting vir die Dogter van Sion. Ons en ons vaders, die vaders van hemel en aarde staan as een, met een hart, deur U verenig om U Liefde en U Barmhartigheid te bring tot diegene wat suiwer van hart en wese voor U mag staan. Ons bring ons lewens as eersgeborenes uit U Lewe en offer dit aan U, ons Maker en ons Man, sodat U kinders en naamgenote hulle skuiling en ewige verweer sal vind in die Huis deur U gestig. Neem ons lewens as offer, sodat ons mag terugkeer na ons Bron, sodat U Naam geheilig mag word en U ewige Apartheid mag heers in ons in die ewigheid. U Naam ter ere, Amein.

Die Gilgal seën

Wees geseënd in die aarde deur My bloed gekoop.
Wees geseënd terwyl die Leeu aan julle sy loop.
Wees geseënd as in ootmoed die wiel draai
En die arend se gesang uitrys bo die kraai.
Edel is die volk, deur My Hand uitverkies,
Edel is die hart wat Liefde verkies.
Edel is die Man wat hart aan hande bind
En die kind wat opgroei, net deur My Bloed verbind.
Ek, die Begin en Einde hiervan spreek: Geseënd is die siel waarin My Brood nou breek. Amein.

# Die Sesde Gilgal Geloftefees - 15 Julie 2023

273. DIE BRUIDSLIED

Laat ons sing
en ons ha-rte tooi
Met reine liefde
die gaste nooi
Want die Bruidegom
kom, ja Hy kom
Hy kom haal Sy blom

H-y kom om
af te wend ha-ar smaad
Sodat niks haar ooit
weer skaad
Bring HOM al die eer
en loof S-Y Naam
Sing en ju-bel al-mal saam

*KOOR*
*Ja Hy kom, Ja Hy kom*
*Net soos sy lankal vra*
*H-y kom om*
*Sy bru-id te dra*
*En jy sal sing my kleine skaar*
*By My Pilaar*

M-Y volk M-Y Si-on rein
J-y is MY bruidjie klein
E-K kom as jou
Brui- de-gom
Wa-nt jy is MY blom

In MY a-rms gaan EK
jou veilig dra
Jy kan jou verlossing
van MY vra
V-ir Si-on het EK
die kruis gedra
Uit jou kom voort
MY E-li-hi-jah

Wat beteken, MY ki-nd,
My kind
Wa-nt jy het MY gevind
En MY koningskind
i-s gebaar, Wat beteken,
MY kind, My kind

*KOOR (x2)*
En jy sal sing
my kleine skaar
By My Pilaar

274. DANKIE, DANKIE JAHWEH

*Dankie, dankie Jahweh (x2)*
Dankie, dankie Jahweh
uit my hart!
*Dankie, dankie Jahweh (x2)*
Dankie, dankie Jahweh
uit my hart!

*Ek sing HalleluJah (x2)*
Ek sing HalleluJah
uit my hart.
*Ek sing HalleluJah (x2)*
Ek sing HalleluJah
uit my hart.

*Ek gee U my liefde (x2)*
Ek gee U my liefde
uit my hart!
*Ek gee U my liefde (x2)*
Ek gee U my liefde
uit my hart!

Vervang ’my /ek’ met ’ons’

110. JAHWEH IS MY HERDER

Jahweh is my Herder,
niks sal my ontbreek nie.
Hy laat my neerlê
in groen weivelde.
Na waters waar rus is
lei Hy my heen.
Na waters waar rus is
lei Hy my heen.

*KOOR*
*Baie diep haal Hy my uit.* (x2)
*Hy plaas my voete*
*op ’n ewige rots.*
*Baie diep haal Hy my uit.*